Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 9 AUGUSTUS 1944. No. 38.

## SPOG MET UITVOER AS VOLK GEBREK LY

„Ons maak al lank planne vir die komende stryd in die Verre Ooste en vandag voer ons baie ware uitsluitend vir die oorlogspoging uit. **Ons is vandag die grootste uitvoerders van steenkool in die wêreld en ons voer ook sement, staal en baie ander belangrike produkte uit," het mnr. F. C. Sturrock, Minister van Vervoer, verlede week in Johannesburg verklaar.**

● Op dieselfde tyd is in die pers berig dat die bou van huise feitlik tot stilstand gekom het weens die tekort aan boumateriaal, **veral sement.** En dit, terwyl daar in dieselfde week waarin min. Sturrock spog met ons groot uitvoer, **berigte in die koerante verskyn van 'n blanke gesin van sewe wat saam met 24 naturelle in 'n stal moet slaap weens die tekort aan huise.**

● **In dieselfde tyd is ook aangekondig dat daar 'n groot tekort aan steenkool in ons land ondervind word.**

● So lyk dit as 'n regering met oorsese liefde deur die partystelsel in staat gestel word om oor ons volk te „regeer".

## BEDOEL NIE DIE O.B.

Met die oog op die moontlike misverstand wat kan ontstaan na aanleiding van 'n artikel in Die Kerkbode oor die Mentz-voorval, wat ook deur Die Burger oorgeneem is, en waarin verwys word na die „geesgenote" van die [illegible]randers, en met die oog daarop dat die Ossewabrandwag inmiddels deur politieke leiers aan die geval gekoppel is, waardeur die indruk mag ontstaan dat Die Kerkbode na die Ossewabrandwag verwys het, het die redaksie van Die Kerkbode in 'n onderhoud, deur ons aangevra, die versekering gegee dat hy geen organisasie in gedagte gehad het nie, maar dat hy bedoel het om die gees van geweld in die algemeen te veroordeel. Die Kerkbode beskou dit nie as sy taak om kant te kies in die politieke stryd nie.

## WASGELD VIR O.B.-FONDS

'n Treffende voorbeeld van die selflose gees wat in die Ossewabrandwag aangetref word, is onlangs deur 'n vroue-offisier verskaf. Hoofkomdte. mev. H. Louw van Kaapstad het weekliks 'n bediende gehuur om haar wasgoed te was. Toe die bediende op 'n dag nie opdaag nie, het sy besluit om voortaan self die werk te doen en die geld, so bespaar, aan die O.B.-dagfonds te skenk. Haar bydrae vir 8 Augustus uit hierdie besparing was £5.

## DIE JEUG LEEF DIT UIT

Danie Brink van die pastorie, Sutherland, het 'n briefie aan sy Jeughoofkommandant geskryf met £2-14-6 daarin vir die kindertjies wie se pappies geïnterneer is. Hy deel mee dat dit die bedrag is wat hy met sy verjaardag present gekry het, en daar dit sy gewoonte is om elke jaar al sy verjaardaggeld aan die Noodhulpfonds te stuur, doen hy dit weer. **Na verneem word het sy ouers voorgestel dat hy 'n deel van die geld in sy eie bussie gooi, maar daarvan wou Danie niks weet nie. „Dit gaan alles vir daardie maatjies van my," het hy gesê.**

Die nuwe gedagte van die Ossewabrandwag van een vir almal en almal vir een, het reeds ingewortel by die jeug!

# O.B. Kan Op Politieke Gebied Aanspraak Maak op Alles

## Kommandant-Generaal Beklemtoon Groeiende Mag van Volksbeweging

**Deur sy taaie stryd as die organisasie wat by uitstek die spit in die republikeinse stryd gedurende die oorlogsjare afgebyt het, wat gely het toe ander organisasies net gepraat het, het die Ossewabrandwag die reg om aanspraak te maak op net wat hy wil op politieke gebied in hierdie land, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Saterdag met die O.B.-dagviering in Pretoria gesê. Hy het beklemtoon dat daar nie die fout gemaak moet word dat hy nie die parlement kan bemagtig omdat hy totsover geweier het om daarom mee te ding nie. Hy ag die buiteparlementêre stryd egter tans van groter belang.**

Die K.G. het 'n breedvoerige oorsig gegee van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewabrandwag wat nou sy sewende jaar tegemoet gaan. In 1940 het sy lydingstyd aangebreek toe die eerste Afrikaner, 'n O.B.-lid, geïnterneer is. Die jaar daarop het hy geweldig uitgebrei — te geweldig, want dit het jaloesie verwek en angs, ook in kringe buite die regerings-element. Die leier van die H.N.P. het 'n offensief teen ons geloods met die woorde: „laat die stryd kort van duur en beslissend wees," Wel, hy was nie kort van duur nie, maar hy was beslissend. **Die Ossewabrandwag het hom gewen.** Gewen, vir almal om vanaand aan hierdie skare te sien.

**Daardie stryd was veral van die grootste volkspolitieke belang omdat dit — wat ons betref — oor die kernpunt van die Ossewabrandwag se lewensbeskouing gegaan het, nl. sy insluitende — en nie uitsluitende — aard.** Hulle het op ons oorlog verklaar omdat ek op Elsburg die stelling ingeneem het dat die Ossewabrandwag se arms oopstaan vir alle goeie Afrikaners, of hulle nasionaal-sosialisties is of nie. Ons soek die punte van kontak, nie die punte van verdeeldheid nie. **En ons soek hulle vandag nog.**

Die Ossewabrandwag vra nie of u oupa 'n Sap was of 'n Nat nie en vir watter kandidaat u gestem het in die jaar van die Runderpes, en of u die rooilus gedra het of glad g'n lus nie. Ons het die Rooilus nie opgesit nie, omdat dit teen ons oortuiging was. Maar ons kyk na die man in die uniform, nie na die uniform aan die man nie. En toe ander mense, wat verknog was aan die partypolitiek, die soldate van weerskante uitgeskel het as „skunks in Uniform" of „rooi-vlerkspreeus" — daar het die Ossewabrandwag gesê, dat elke Afrikaner wat in die Noorde moet gaan veg te goed is om vir die Empire te sneuwel. **Te goed, en nie te sleg nie. Ons het dit drie jaar gelede gesê, en ons sê dit nog. Ons ken g'n party nie, ons ken 'n volk, wat veg vir sy bestaan. En die Afrikaner wat verkeerd stem, staan nader aan ons as die Jood wat reg stem. Net soos die Afrikaner met die rooilus nader aan die Ossewabrandwag staan as die Jood sonder die rooilus.**

**Oor hierdie grondwaarheid het die botsing in ons derde jaar gekom, maar vandag sê ons: Na 'n geslag van partypolitieke verdeeldheid het die O.B. tenspyte van die felste teenkanting, die almal versoenende volksgedagte in teenstelling met die almal verdelende party-gedagte, laat wortel skiet en laat seëvier in die breedste kringe van ons nasie.**

**SELFLOOSHEID**

Toe, in die jaar daarop, 1941-'42, moes ons alleen, vriendeloos en in die rug gesteek, teen almal veg. **„Die O.B. versus die Res".** Met 'n vloedgolf van internerings, met duisende vrouens en kinders van ons kamerade aan honger en ellende blootgestel, met vyande links en regs, voor ons en agter ons, moes ons veg met die een hand, en Noodhulpfondse insamel met die ander. Waar ons vir ons eie bestaanstryd en ons weekblad iets oor die £30,000 in drie jaar aan die organisasie bestee het, daar het ons oor die £50,000 aan die bestaan van Afrikanermoeders en kinders bestee. **Die Ossewabrandwag het meer — baie meer — aan Afrikaner noodleniging bestee as aan sy eie stryd op lewe en dood. En tog het hy die stryd gewen. Dalk juis daarom het hy gewen.** Die volksinstinkt waardeer opregtheid.

Verlede Augustus kon ons met alle redelikheid sê dat ons pad breër word. **En vanjaar sê ons dit beslis en selfs ons teenstanders erken dit nou.** Met die stigting van ons Arbeidsfront, om die blanke werker teen die kapitalisme sowel as teen die kommunisme te steun het ons nuwe bane gebreek. En nie net bane nie, maar ook die kors van stilswye — doodswyg of doodlieg — wat die vyandige pers drie jaar lank op ons toegepas het. Orals, veral in die Engelse pers, swig die doodswygbeleid vir 'n angs vir die ontwakende sosialisme van die O.B. Die sosialisme nie van 'n klomp internasionale Jode nie, dog van 'n fanaties nasionale Volksbeweging, wat 'n nasionaal-rewolusionêre magsfaktor geword het.

Ons teenstanders, veral aan Regeringskant, begin verbrokkel. Eintlik is dit nog net die oorlog en die groot persoonlikheid van hul leier wat hulle bymekaar hou. En selfs dié is blykbaar nie meer voldoende om hul geledere te verenig nie. Dan moet hul voorwaar in 'n benarde posisie wees! **En orals, onder soldate, onder werkers, Engelssprekende sowel as Afrikaanssprekende, begin die magneet van die Ossewabrandwag te trek.** En ons is dankbaar en bly dat dit so is. Maar 'n magneet trek net staal. Wat nie staal is kan gerus na die demokrate gaan — soort soek soort.

**MAAK AANSPRAAK**

Laat my hier 'n besliste waarskuwing doen. Na alles wat ons tussen 1941 en vanaand moes deurmaak kan ons sonder enige redelike teenspraak van buite beweer dat ons niemand buitekant ons geledere iets hoegenaamd skuld nie. Die Ossewabrandwag was Ismael vir almal, hetsy Regering of Opposisie. **Hulle het gewedywer om ons te vernietig. Dat ons vanaand nog bestaan**

(Vervolg op bls. 3, kol. 2)

## DIE A.K.G.

**Ons maak graag hiermee bekend dat Genl. J. A. Smith se gesondheid sodanig verbeter het dat hy tans weer sy werksaamhede op Organisasiehoofkwartier as Adjunk-Kommandant-Generaal en Organisasieleier kan hervat, hoewel hy dit alleen onder streng mediese voorskrifte en met sekere voorbehoude mag doen.**



DIE O.B., WOENSDAG, 9 AUG. 1944.

# Moet Self Regeer

Op 3 Junie 1941 het die Ossewabrandwag 'n ooreenkoms met die H.N.P. in Bloemfontein gesluit waarkragtens laasgenoemde as die parlementêre front van die Afrikanerdom erken is. Dit het beteken dat die Ossewabrandwag in geval van 'n verkiesing sy gewig agter die H.N.P. sou inwerp, soos hy dit trouens gedoen het in die geval van die tussenverkiesing in Winburg. **Sietjie meer as 'n maand later het dr. Malan 'n oproep tot die volk gerig om die Ossewabrandwag te vernietig. Daarmee het hy alle steun van die Beweging verbeur.** Nogtans het die Ossewabrandwag op 4 Januarie 1943 — nadat geblyk het dat hy te sterk is om vernietig te word — 'n verklaring uitgereik waarvolgens hy onderneem om sy gewig in geval van 'n verkiesing agter 'n anti-oorlogskombinasie — d.w.s. ook agter dr. Malan — teen die Empire in te werp. Op hierdie verklaring was daar geen reaksie van die kant van die H.N.P.-leiding nie. **In teendeel het die H.N.P.-koerante kort daarna geweier om 'n toespraak van dr. Van Rensburg te publiseer waarin hy hierdie aanbod herhaal het.** Toe die regering in Junie 1943 aankondig dat hy 'n verkiesing gaan hou, het die Ossewabrandwag onmiddellik, op 9 Junie, sy aanbod vir die derde keer herhaal en bygevoeg dat indien dr. Malan hierdie aanbod weer verwerp, O.B.-lede in elk geval vir sy kandidate moet stem in kiesafdelings waar daar geen ander keuse is nie. **Dr. Malan het gehandel asof daar geen sodanige aanbod gedoen is nie, maar nogtans het sy kandidate na O.B.-stemme gevry.** Op Stellenbosch byvoorbeeld het die voorsitter van die H.N.P. in Kaapland selfs „bedank" as direkteur van Die Kruithoring omdat hierdie blad so 'n vyandige houding teen die Ossewabrandwag inneem. **Ná die verkiesing het die H.N.P.-leiers, o.a. die kandidaat van Stellenbosch wat sy direkteurskap „neergelê" het, voortgegaan om die Ossewabrandwag te beveg en die volk te verdeel; laasgenoemde het selfs kort daarna bekend laat maak dat hy voorsitter is van Die Kruithoring se direksie, dieselfde direksie wat hy „bedank" het!**

Op 22 Junie hierdie jaar het die Ossewabrandwag weereens sy hulp aangebied in geval van 'n toekomstige verkiesing. **Net soos verlede jaar was die H.N.P.-koerante teenwoordig op die vergadering te Maitland waar die Kommandant-generaal sy aanbod bekend gemaak het. Geen woord daarvan het egter in die pers verskyn nie, en net soos drie jaar gelede is die Ossewabrandwag se aanbod om te help in 'n verkiesing deur dr. Malan begroet met 'n oorlogsverklaring en 'n dreigement om alle O.B.-lede uit sy party te skop.**

In al hierdie hulpaanbiedinge het die Ossewabrandwag nie 'n ENKELE setel vir homself geëis nie. Hy sou dien sonder beloning. Al wat hy gevra het, is dat sy bestaan erken moet word.

**Vir elke brandwag sal dit duidelik wees dat die Ossewabrandwag hom tot vervelens toe vermoei het in sy pogings om samewerking van die republikeinse organisasies te verkry, maar dat al sy pogings keer op keer deur die H.N.P.-leiding verydel is, wat maar een strook deur optree asof daar nie so 'n organisasie bestaan soos die Ossewabrandwag nie — behalwe wanneer hulle die volk vra om hom te vernietig.**

Intussen het die Ossewabrandwag egter gegroei tot 'n magsfaktor wat hom in so 'n mate reeds laat geld dat die hele Engelse pers die jongste tyd in beroering bly oor sy geweldige vordering veral onder die werkersgeledere. Maar nie net in die stede nie, ook op die platteland is daar 'n duidelike stroom van die volk na die Ossewabrandwag. **Die volk voel instinkmatig aan dat die lewensbeskouing van die Ossewabrandwag en sy daadkrag die toekomstige bolwerk gaan wees teen die buitelandse gevare, veral teen die bolsjewistiese bedreiging. Die Ossewabrandwag het dus nou die stadium bereik waarin dit nie net oorbodig vir hom geword het om langer homself belaglik te maak met hulpaanbiedinge aan die horende dowes nie, maar dat dit noodsaaklik geword het dat hy op die roepstem van die volk sal antwoord en die politieke leiding van ons land op hom moet neem.** Wanneer die bestaan van 'n volk bedreig word, moet die nugtere verstand beslis, en nie sentimentele oorwegings van gewoonte en valse offervaardigheid nie. Wanneer lande soos Italië en Pole die huilende bewyse lewer van demokratiese onmag en bolsjewistiese oormag, sal dit vir die Ossewabrandwag misdadig wees indien hy toelaat dat die Afrikanervolk langer uitgelewer word aan die „beskerming" van die demokratiese partypolitiek wat alle magsmiddele van die volk probeer vernietig in hul poging om die parlementêre kussings vir hulself te reserveer.

Die waarskuwing van die Kommandant-generaal verlede Saterdag in Pretoria dat die Ossewabrandwag moontlik self in die toekoms alle magsmiddele tot sy beskikking kan neem — ook die parlement — is nie net tydig nie, maar sal dan ook in breë kringe — breër as die Ossewabrandwag self — verwelkom word. **Om sy beleid uit te voer en die damwal teen die kommunisme op te werp, is dit 'n logiese vereiste dat die Ossewabrandwag ook die regering van die land sal bemagtig. Hy sal self moet regeer, en hoe eerder hoe beter — nie as 'n parlementêre party nie, maar met vervanging van die parlement deur 'n volksgesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard.**

# Churchill se Jongste Toespraak: Wat hy nie gesê het nie

(DEUR PROF. J. A. WIID.)

Die Britse premier het weereens 'n toespraak oor die oorlog gehou. Hierdie keer sou hy 'n „goeie verslag" van die oorlog gelewer het. Hoewel hy in die verlede nog nooit iets anders as „goeie verslae" oor die oorlog gelewer het nie, het hy hierdie keer meer grond vir optimisme gehad. Het die Geallieerdes in Rusland, Frankryk en Italië in die laaste tyd dan nie groot sukses behaal nie? Het die stryd in die Verre Ooste dan nie eindelik 'n gunstige wending geneem nie al word Japan self nog nie bedreig nie en al is die Japanse leër en vloot nog nie beslissend verslaan nie? Het die Duitse duikbote en lugmagte dan nie reeds lang opgehou om 'n ernstige gevaar te wees nie? Het die jongste aanslag op die lewe van Hitler dan nie eindelik bewys gelewer **dat daar** in Duitsland 'n kraak is, dat dit met alles in Duitsland self nie wel is nie? Die enigste vlieg in die salf is dat die Duitsers met 'n nuwe wapen, 'n vlieënde bom of meteoor, voor die dag gekom het wat op die strategies-belangrike maar kwesbare Suid-Engeland insluitende Londen en omgewing 'n vernietigende uitwerking het sonder dat dit vir die vyand te veel kos.

Hoewel die Britse premier dus rede vir sy „goeie verslag" gehad het, is daar tog 'n paar puntjies in sy jongste toespraak wat kommentaar verdien.

Dit is waar dat Churchill in sy „goeie verslag" sy mense waarsku dat dit nog altyd moontlik is dat daar 'n terugkeer na die duikboot-oorlog kan wees en dat die Duitsers 'n betreklike voordeel in die lug kan behaal. Ook beklemtoon hy die „uiters swaar" verliese wat die Britse en Amerikaanse lugmagte tussen 1 April en 30 Junie 1944 in Frankryk sou gely het sonder om op die invalsverliese as geheel in te gaan. Ook sou Churchill presies weet dat die Duitsers in die landgevegte in Normandië „sowat twee maal soveel verliese" gely het as die Geallieerdes.

Met betrekking tot die Duitse meteooraanvalle op Engeland sou daar volgens die Britse premier, 5,300 van hierdie bomme gelanseer gewees het waardeur 4,735 mense gedood en 14,000 min of meer ernstig beseer is. Ook sou daar tot dusver omtrent 17,000 huise heeltemal vernietig en sowat 800,000 deur hierdie vliegende bomme beskadig wees. Meer as 600,000 is egter, volgens Churchill, alweer bewoonbaar gemaak. Voorts sou die meteooraanvalle reeds die ontruiming van sowat 1,000,000 mense uit Londen tot gevolg gehad het. Uit dit alles blyk dit dat die nuwe Duitse wapen tog geen propagandistiese grap is nie. As Churchill tog probeer om sy mense te troos met die versekering dat binne dieselfde tydperk sowat 48,000 ton springstof op Duitsland, teenoor die sowat 4,500 ton op Engeland, neergegooi is, dan versuim hy om daarop te wys dat die Geallieerdes se lugaanvalle op Duitsland met hoë eie verliese aan mense en materiaal gepaard gaan terwyl die meteooraanvalle vir die Duitsers betreklik weinig kos.

**BRITTANJE EN RUSLAND**

Die merkwaardigste in die toespraak van Churchill is sy onderworpenheid en minderwaardigheid teenoor Stalin, al word dit nie in soveel woorde gesê nie. Nie alleen begroet hy „maarskalk Stalin, daardie groot kampvegter van sy land" nie, maar hy gee toe dat hy en Roosevelt in Teheran aan Stalin beloof het om teen die end van Mei of die begin van Junie 'n inval op Noordwestelike Europa te maak, terwyl Stalin van sy kant beloof het dat die ganse Russiese leër in die ooste in die stryd gewerp sal word.

Die Britse gedienstigheid teenoor Rusland kom nog beter tot uiting waar Churchill na lande soos Pole, Roemenië en Turkye verwys. Aan hierdie lande wat enige jare gelede deur Britse waarborge oorlaai is, gee Churchill vandag die raad om tot 'n goeie verstandhouding met Rusland te kom. Brittanje, wat in 1939 nie alleen waarborge aan Pole verstrek het nie maar selfs oorlog aan Duitsland verklaar het, toe laasgenoemde Danzig en die Poolse Korridor by die Reich weer ingelyf het, gee van dag aan die Pole die raad om met hul aartsvyande, die Russe, tot 'n verstandhouding te kom. Hoe anders sou die geskiedenis van die wêreld miskien gewees het as Brittanje en Frankryk in 1939 i.p.v. waarborge die raad aan die Pole gegee het om oor Danzig en die Korridor tot 'n verstandhouding met Duitsland te kom! Die Britse opoffering van vlugtelingsregerings in Londen aan „bevrydingskomitees" in Moskou is geen nuwigheid nie. Soos niks anders in hierdie oorlog bewys dit egter hoe seer die Britse gewig ten opsigte van Rusland verminder het. Die dag is waarskynlik nie meer ver nie dat selfs Britte sal besef dat imperialisme nou maar eenmaal imperialisme is, al kom dit ook van 'n Bolsjewistiese Rusland wat kwansuis bekeerd sou geraak het.

Die „goeie verslag" wat Churchill onlangs oor die oorlog gelewer het, behoort denkende mense tot verdere nadenking te stem.

# OORSAAK VAN KWAAD MOET VERWYDER WORD

In partypolitieke kringe word daar nou groot bohaai opgeskop omdat die Kommandant-generaal 'n tyd gelede gewaarsku het dat die O.B. nie langer in staat sal wees om deurmiddel van sy dissipline politici wat die Noodhulpfonds beskinder, in beskerming teen hardhandige behandeling te neem nie. Soos meermale in die verlede het die Ossewabrandwag hier gewaarsku teen die uittarting tot nodelose geweld wat deur almal betreur word. Miskien sal hierdie politici die waarskuwing van die K.G. beter verstaan as hulle daaraan herinner word dat 'n afvaardiging bestaande o.a. uit dr. M. J. van der Westhuizen (redakteur van Die Kerkbode), ds. F. J. Roome en 'n paar vooraanstaande H.N.P.-voormanne, 'n tyd gelede die burgemeester van Kaapstad gaan waarsku het teen die invoering van die bidpouse. **Hierdie leiers het o.a. aan die burgemeester beklemtoon dat dit net tot geweld sal lei, want hulle sal nie by magte wees om die jong manne daarvan te weerhou om moeilikheid in die strate te maak nie.**

Dit is in die eerste plaas noodsaaklik dat die OORSAKE van 'n kwaad verwyder moet word. Daarom eis die Ossewabrandwag dat die openbare mening hom ook, en veral moet uitspreek teen vuige laster en agterbakse metodes wat die gemoedere so oprui dat daar naderhand tot geweld oorgegaan word.

Die

GOEIE OUE TYD!

KOM

EN HULLE KOM MET

*GEWELD!*

*Geselskap:*

*PIERRE DE WET*

ANNA NEETHLING-POHL

PAULA STYGER

GERT VAN DEN BERGH

JAN CRONJÉ

*Sien asseblief plaaslike aankondigings.*

KOOP NOU!!!

O.B.-SKRYFBENODIGHEDE.

Beste kwaliteit voor oorlogse papier.

SKRYFBLOK MET 1 PAKKIE BYPASSENDE KOEVERTE

*3/- posvry*

Kontant met bestelling.

Bestel dadelik van:

GEBIEDSHOOFKWARTIER

Sanlamgebou 20, CRADOCK.

GROOT BOEREDAG!

sal gehou word te

VLAKDRIFT

op

*12 Augustus 1944*

om 10 v.m.

op die terrein van H/Komdt. Pieterse.

Jukskeispanne word uitgenooi om hulle kragte te kom meet. Volkspele en allerlei sport sal gehou word.

Verversings sal te koop aangebied word. KOM BRING 'N HEERLIKE DAG DEUR.

'N BOERE FUNKSIE!

word gehou te

ANSAC-BOS — BRAKPAN

vanaf 3 nm. op

*SATERDAG, 19 AUGUSTUS*

Spreker: Ons Kommandant-Generaal

(Dr. HANS VAN RENSBURG)

Boeregeregte sal volop wees!

Volkspele en Kampkonsert deur die Boerejeug van Gebied „E"

Aanwysers vanaf Grootpad Benoni, Brakpan — Springs

U gaan werklik 'n baie gesellige dag deurbring

## VERJAARDAGKETTING

**10 Aug.:** Johann H. F. van Zyl, Moorreesburg; Roemaria Albertyn, Bellville; Cynthia v. d. Walt, Woodstock; Pieter Grove, Diamantdoorns.

**11 Aug.:** Maria M. Bothma, Beaufort-Wes; Stefanis C. Bekker, Beaufort-Wes; Daniel Rademeyer, Humansdorp; Maria M. Louw, Marchand; Elizabeth Louisa Coetzee, Nababeeb; Piet Jooste, Loxton; Stephanus F. du-Toit, Fouriesburgstasie; Augustes S. Roodt, Louise Trichardt.

**12 Aug.:** Betty Botha, Stellenbosch; Obed Oelofse, Port Elizabeth; Isak v. d. Schyff, Port Elizabeth; Lula Gericke, Mosselbaai; Hennie le Roux, Alheit.

**13 Aug.:** Susanna Ellis, George; Moldeen Hesketh, Sutherland; Johanna Steenkamp, Upington; Herman du Toit, Wellington; Elsie S. C. Janse v. Rensburg, Kirkwood; Matilda Hoogendyk, Zeerust; Cornelia E. Viljoen, Slabberts.

**14 Aug.:** Hilda Kotzé, Observatory; Josephus Olivier, George; Stella Heyns, Bellville; Anna Viljoen, Goudini; Martha A. van Niekerk, Ficksburg.

**15 Aug.:** Bernhardus J. Olivier, Merweville; Felecity Louw, Rondebosch; Charlie Pienaar, Rondebosch; Maria F. van Rensburg, Leeuwkloof; E. D. A. Retief, Wellington; Anna S. Morkel, Die Strand; Hester v. d. Merwe, Parow; Pieter W. v. d. Walt, Elliot; Petronella Christina Viviers, Clocolan; Emarentia Riekert, Rustenburg.

**16 Aug.:** Johanna P. Smit, Merweville; Hendrieka C. Bothma, Merweville; Martha M. Strydom, Cradock; Maria van Niekerk, Bellville; Gerhardus P. Kriel, Upington; Barend Lombard, Pearston; Ria van Biljon, Louis Trichardt; Aletta Feyt, Durbanville; Jounita C. Annandale, Zeerust.

**17 Aug.:** Gustave Symington, Sutherland; Jacobus v. d. Westhuizen, Tiervlei; Elizabeth Hendrikse, Wilgenhoutsdrift; Aletta Husselman, O'Kiep; Fredrika Kok, Merweville.


**MARKAGENTSKAP**

**VROEË MÔRE-MARK**

**KAAPSTAD**

●

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

●

BESTE HEERSENDE PRYSE.

●

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: **GUSTAV RETIEF.**

Telefoon 2-0212.



**AANDAG!!**

**EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.**

Bestel direk van Produseerder

**JOHN SCHOEMAN,**

**„EXCELSIOR"**

**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

**LET WEL.** — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.


*Ondersteun Ons Adverteerders!*

# O.B. KAN OP POLITIEKE GEBIED AANSPRAAK MAAK OP ALLES

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

**is aan g'n genade van die menere in die Parlement te danke nie. Inteendeel.** Juis deur hul meedoënlose vyandskap is ons onder hoegenaamd geen verpligtings meer nie. Ons kan maak net soos ons goed dink. En as ons, nou dat ons vry is en vinnig sterker word, die bakleiery oor die groen kussings van die parlement aan ons teenstanders oorlaat dan is dit nie omdat ons reken hulle het een of ander monopolie, 'n alleenreg, op daardie gebied nie. **Nee, deur sy taaie en onverskrokke stryd vir die Afrikaner in hierdie oorlogsjare — 'n stryd wat hy alleen moes voer links en regs, teen die hele regering met sy drie partye en teen die grootste opposisieparty, en dan moes hy nog vir duisende vrouens en kinders sorg, alleen, met almal venynig teen hom gekant — deur hierdie taaie stryd het die Ossewabrandwag die reg om aanspraak te maak op net wat hy wil op politieke gebied in hierdie land. Hy kan aanspraak maak. Of hy dit dan kry, hang net van sy eie kragte af — nie van politici se goedhartigheid nie. Hy skuld niemand iets nie en hy veg net waar die volksbelange volgens sy oordeel sy hulp die meeste nodig het.**

**PARLEMENTÊRE FRONT**

Laat my vanaand aan die menere wat in eleksietye na die Ossewabrandwag vry — en die res van die tyd ons ondermyn en beskinder en uitlewer aan die vyand, in alle koelheid hierdie waarskuwing rig: Tot dusver het die O.B. die parlementêre front as sekondêr en as minder doeltreffend laat links lê. **Hy het nie meegeding nie, want hy wou nie. Moenie die fout maak om te dink dat hy nie kan nie. —Brandwagte en S.J.'s wat goed genoeg is om links en regs vir die Republiek na tronk en konsentrasiekamp te gaan, is seer sekerlik ook goed genoeg om parlement toe te gaan — as hulle wil.** Onthou dit — en laat ons met rus, of ontmoet ons ook elders!

**Dit kan geskied sonder dat die O.B. 'n blote party word. 'n Volksbeweging, soos die Ossewabrandwag geword het, het baie fronte, omdat die volk op baie fronte moet veg. Ons het 'n Jeugfront, sonder dat ons bloot 'n jeugorganisasie is; 'n Arbeidsfront, sonder om 'n vakunie te wees; 'n sosiale front — getuige die Noodhulpfonds — sonder dat ons 'n Noodlenigingsorganisasie is. En ons kan — indien gedwing daartoe — sekerlik ook 'n vierde front, 'n parlementêre front, oprig sonder om daardeur 'n blote party te word. Ons waarde vir die volk lê juis in ons totale opvatting, waardeur mens keer op keer die hele Beweging op een front kan konsentreer, kan saamsnoer, waar die nood die hoogste is.**

Maar, tensy daartoe gedwing, verkies ons om ons kragte in die buite-parlementêre stryd te werp, teen kapitalisme en kommunisme. **Want op daardie front is alles op die spel.** Nie net 'n klompie groenkussings nie, maar die toekoms van blank-Suid-Afrika.

Die klimaks nader, daar oorkant die water en ook hier. Die kwessie is nie of hierdie of daardie party 'n regering gaan vorm nie, dog wel of die nag van kommunisme oor ons Volk moet toesak.

**TEEN KOMMUNISME**

In die besef dat die ware en onmiddellike stryd op daardie gebied lê en nie op die sagte kussings van die parlementshuis—die praathuis—nie, tree die Ossewabrandwag vanaand sy sewende jaar in en **hy sien die stryd van hierdie jaar as staande onder die teken van die Arbeidsfront.** Die grootste bate van ons volk is benewens ons vaderlandsbodem die Afrikaner-werker en boer — nie die kapitaliste nie. En die grootste gevaar vir ons volk is die gelykstellende kommunisme — nie Boer of Brit nie, maar blank of nie-blank. **En om daardie bate en daardie gevaar gaan die toekoms van ons volk beslis word, eenkant toe of anderkant toe. Daardie stryd sien ons in die teken van die Ossewabrandwag se Arbeidsfront.**

Geagte mede-Brandwagte, deur u taaie en selflose volharding en deur die lydingsweg wat so baie van u kamerade moes wandel, asook deur die waaragtig christelik-nasionale prestasie van u Noodhulpfonds, **het u in ses jaar die Ossewabrandwag geswys tot 'n nasionaal-rewolusionêre magsfaktor van die eerste rang. Nou kan ons sê dat ons dag nader kom.**

Waar ander mense gevra het: „is die tyd ryp vir die Afrikanerdom?" **daar het u in ses jaar die Afrikanerdom ryp gemaak vir die tyd.**

In die woelinge wat vinnig nader, word die Ossewabrandwag en sy Arbeidsfront die bolwerk van blank Suid-Afrika.

Ek sluit af met hierdie oortuiging dat die nasionaal-rewolusionêre Volksbeweging, die Ossewabrandwag, aan die spits van die Afrikanerdom se stryd teen die Geldmag staan; en dat juis daarin en in sy deurdrenkte nasionalisme ook die sterkste beveiliging teen die ras- en godlose kommunisme lê.

Ons sewende jaar, wat ons vanaand intree, kan wellig die klimaks bring. Ons wagwoord is: „Aan die brand!"

## DEMOKRATE AAN BOU

Feitlik gelyktydig met min. Harry Lawrence se derde aankondiging in die loop van tien maande dat daar 30,000 en 15,000 huise „binne die eersvolgende twaalf maande" gebou gaan word, het die boukontroleur, min. C. F. Clarkson, dit raadsaam geag om as volg te verklaar: „Dit is my plig om die publiek te waarsku dat heelwat tyd sal verloop tussen aansoeke om permitte vir die bou van huise en die uitreiking van permitte; te oordeel na die huidige aanduidings sal minstens ses maande verloop." Aldus min. Clarkson.

Of dit nou twaalfmaande-suikerklonte of sesmaande-bitterolie is, die feit bly dat die demokratiese partypolitiek die volk niks meer as woorde kan aanbied nie — die een dag soet, die ander dag bitter.

## DRIELING-BOEREBABAS GEDOOP

Op Sondag, 2 Julie, is die drieling-Boerebaba-dogters van komdt. en veldkornette F. van Niekerk in die N.G. kerk te Ficksburg gedoop. Ds. Stockenström het melding gemaak dat dit die eerste drieling is wat gedoop is in die 75-jarige bestaan van die Ficksburg-gemeente.

Ná die diens het die familie en vriende aan die huis van hfkomdt. H. Bester tee en koek geniet en hulde gebring aan die O.B.-drieling.

Die middag het ds. Stockenström die gemeente op koffie en koek in die pastorie onthaal. Sy kleindogter, kindjie van mnr. en mev. J. B. le Roux, en die drieling is saam gedoop.

Die drieling het baie geskenke ontvang — ongeveer £400 in geld en waarde.


**Waarde vir geld**



**Kommando -sigarette**


*„Die daad is alles, niks die roem...."*
*— GOETHE.*


Wil u 'n medeboumeester word van die grootste ekonomiese Volksmonument in ons land?

*Raadpleeg*

**ASOKOR BPK.**

Posbus 402, BLOEMFONTEIN.



**SASBANK**

***Verrig Volksdiens!***

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

**PAARL:— Posbus 266.**

**WORCESTER:— Posbus 57.**

**KAAPSTAD:— Posbus 2387.**


● Die binne-voering van 'n suikersakkie gesoom en met blommetjies uitgewerk, maak 'n mooi lap om oor koppies te gooi.


*PAS VERSKYN...*

**ANDERKANT DIE BERGE**

**(Deur C. M. van den Heever)**

**Met die Potchefstroomse wêreld, net na die stigting van hierdie dorp as agtergrond, word die lewe van twee pioniers geskets; ons kry veral 'n beeld van die harde stryd om die natuur in te breek, 'n plaas aan te lê en min of meer gevestigde lewe te begin. Maar hierdie uiterlike gebeurtenisse is net die aanloop tot baie diep innerlike ontwikkelinge.**

**Ons sien die ernstige Godvresende pionier met sy beskawende invloed; die onsekere weifelende houding van 'n buurman; die noukeurige ontleding van die sielkundige ontwikkelinge wat hom, op grond van elkeen se aard, voltrek; en op die agtergrond bly die mooi, opheffende liefde van 'n pioniersdogter wat in stryd kom met die minderwaardige van lelike invloede wat hoofsaaklik in verband staan met die ontdekking van diamante by Du Toitspan.**

**ANDERKANT DIE BERGE**

C. M. van den Heever

**PRYS 11/3**

Bestel vandag van:

**AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL**

**Loveday-straat 75 — Telefoon 33-8669 — Posbus 845**

**JOHANNESBURG**

# Geklassifiseerde Advertensies

## GEBOORTE

JANSEN VAN RYSSEN. — Aan mnr. en mev. M. Jansen van Ryssen, (nee Meyer Joyce), Bethal, 'n fris O.B.-dogter op die 20ste Julie 1944.

OELSICH. — Aan Veldkt. en mev. Corrie Oelsich, Spes Bona, Clarens, 'n fris O.B.-dogter op 15 Julie. Naas die Gewer van alle goeie, dank aan dokter en suster.

LAAS. — Aan Hoofkomdt. en Hoofkomdte. Hannes Laas 'n fris O.B.-dogter op 27 Julie. Albei wel. Ons dank die Heer en die verpleegster. A16a1, Nababeep.

## DOODBERIG

CROUS. — Mnr. Barend Crous, Rietkuil, Zuurbraak, skielik heengegaan. Die O.B. het in hom een van sy getrouste lede verloor. Die O.B. betuig sy medelye met die weduwee mev. Crous.

## GELUKWENSING

LEON METELERKAMP. — Ons dink die 15de aan jou. Hou maar moed my boetie. — Aan alles kom 'n einde. — **Freda.**

## PERSOONLIK

AAN Aandeelhouers van Boeresaamwerk Bpk. Aangemoedig deur die ruime ondersteuning wat ek laaste jaar ontvang het met die verkiesing van Direkteure vir B.S.B., wens ek myself die jaar weer verkiesbaar te stel. Ek doen dit alleen uit belangstelling vir die saak. Wyle my vader en ek was groot aandeelhouers met die oprigting en het dit nog altyd my heelhartige ondersteuning gegee en kan iedereen vrymoediglik vra by Tak P.E. te verneem wat my bydrae is in ondersteuning. Ons vra dat u u proksie aan my sal uitmaak en voel seker dat u nie teleurgestel sal wees as ek verkies word nie. **H. K. Lombard, Bedford.**

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

EXCELSIOR HAARSNYERS SALON. Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. **Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

PLASE te koop gevra. Stuur dadelik besonderhede as u gou wil verkoop. Vir huise, plase en plotte tree in verbinding met **P. A. Swanepoel en Kie., Foon 33-0696, Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg.**

## VAKANSIEPLAAS

Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas **Vergenoegd, Riversdal.** Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, mev. **A. Badenhorst.**

## BETREKKING VAKANT

BENODIG, 'n meisie om te help in 'n koshuis. Moet goed kan kook, daar haar pligte toesig daaroor insluit en sy miskien later self sal moet kook. Voorlopig ligte werk soos tafeldek, kamers aan die kant maak en miskien help stryk. Ander bediendes in huis. Aanvangsalaris £4 per maand met vrye inwoning en wasgoed. Applikeer so gou moontlik — nie later as 10 Augustus — en meld wanneer dienste aanvaar kan word. **Hoof, Dewaal-Koshuis, Robertson.**

BENODIG 'n veelsydige werksman, ,,Handyman'' op plaas. Moet kennis hê van alle boerderygereedskap en reparasies ens. en Caterpillar Diesel Trekker. Meld salaris. Getuigskrifte en besonderhede aan **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

BENODIG jongman vir vrugteplaas. Moet vertroubaar wees. Rig aansoeke aan Bus 11, **Prins Alfreds Hamlet.**

DADELIK benodig, een Duco-Sproeier en ook een Werktuigkundige vir 'n goed toegeruste garage-werkswinkel. Salaris volgens bekwaamheid. Meld kwalifikasies, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. **Roelou Barry (Edms.) Bpk., Robertson.**

## TE KOOP GEVRA

EEN Trekker van minstens 40 perdekrag op rubberbande, geskik vir transport doeleindes. Goeie werkende toestand 'n vereiste. Stuur besonderhede van spoed, maak, model, toestand, prys ens. aan: **J. Nortje Vredendal.**

JAKKALS-HONDE gevra. — Een jong teef, opreggeteel, geleerd of ongeleerd of opregte klein hondjie. Een of meer goedgeteelde geleerd of leerbare ouderdom. Stuur asseblief besonderhede aan: **Nico Barnardt, Toverwater, Pos Uniondaleweg.**

## TE KOOP

ANGELIERPLANTE. Tentoonstelling-soorte. Pioneer en Regina, £1-5-0 per 100, £8-10-0 per 1,000, vry gelewer. Vyf verskillende soorte 7/6 per dosyn, posvry. 10% van winste is vir Noodhulpfonds. **J. H. Roodt, Louis Trichardt.**

BESTEL dadelik dagoud kuikens, Australorps en Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Bestellings vol tot einde Augustus. Vanaf daardie datum 3,000 per week beskikbaar teen £6 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.**

BEHANDEL u brankgronde met Kalsium Sulfaat volgens voorligting van u Landboukundige. Goeie Kalsium Sulfaat teen 'n billike prys is verkrygbaar van **J. Nortje, Vredendal.**

GOEIE viool, in my besit vir 35 jaar. Goeie klank en nog 'n beter een, tenminste 60 jaar in gebruik. Pragtig opgepas. Eersteklas instrument. Was vir baie jare gebruik in Kaapstad se orkes. Eerste tjek vir £15 en £26 onderskeidelik kry hulle. **J. M. O'Kennedy, Bus 4, Maitland.**

DEKRIET. — Vir die beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, doen aansoek by **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

KAROOMIS. — Gemaalde 38/6 per ton in sakke. Rui mis 12/6 per ton los in trokke. Gesifte 30/- per ton los in trokke met seile toegemaak. Doen aansoek by mnr. **C. J. Louwrens, Kerk Plein, Prieska.**

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen gelsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid. K.M.B. Posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, ,,Rus en Vrede,'' P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

PLASE. — Kalwerpan en Dutoitsdraai, 2,000 en 6,200 morg, geleë 10 en 12 myl van Hopetown. Geheel Jakkalsproef omhein en verdeel in 9 kampe, met opgaardamme by 7 standhoudende windpompe en aangelegde water in almal. Van die beste gebroke veld in die distrik, bestaande uit ganna, bloubos, Karoobossies, brosdoring, kapok, soetgras, boesmansgras ens. Inspeksie sal getuig van die uitstekende waarde vir billike prys: **J. H. v. d. Walt, Soutpansput, Hopetown.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

## WYNE

5 GELLING Muskadel-Likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

### HERHOLDT se BOOMKWEKERYE
### Posbus 660, JOHANNESBURG

**Julie-Augustus Planttyd:** Vrugtebome, beste vroeg tot laat soorte Perskes, Pruime, Appelkose, Nektariene, Appels, Vye, Pere, Kwepers, Granate, Amandels, Okkerneute; Graad 1 bome vanaf 2/6 elk, £8 per 100, plus verpakking.

Ons deskundige hulp met uitsoek van gewenste huis, mark en fabrieksoorte verseker sukses.

WINGERDSTOKKE: Sorterings van beste vroeë, middelseisoen en laat wit, rooi en swart tafelsoorte vir u klimaat 12/6 en 18/6 per dosyn. Nuutste Amerikaanse en Argentynse soorte ingesluit, 25/- per dosyn, £3-5-0 tot £5 per 100.

**ROSE:** Beperkte hoeveelheid meesterlik gerangskikte soorte, gesorteerde kleure. ,,ULTRA SUPER'' VERSAMELING, 25/- vir 6, 45/- per dosyn. ,,SUPER UITRAAG'' VERSAMELING, 18/6 vir 6, 35/- per dosyn. KLIM- en RANKROSE, 3/- elk, 30/- per dosyn . Verpakking 1/6 ekstra.

TREURMOERBEI, geharde dubbeldoel pragsierboom, 8 vt. sterk bome, pragtige krone, 25/- en 30/- elk.

Pragtige CANARIENSIS BUITE PALMS, 7/6, 22/6, 30/-, 42/6 elk volgens grootte.

HEININGBOME, SIERBOME, STRUIKE ens. Voorrade word vinnig opgeboek, bestel gou. DEPOSITO of KONTANT moet bestellings vergesel. Duisende tevrede klant, vir u wag dieselfde! Vra Pryslys. (b)

## *BOERESEUNS HOU 'N* LANDSDIENSLAER

Gedurende die tydperk 12 tot 19 Julie het Elandskraal, Gebied E, 'n landsdienslaer vir seuns gehou waar die seuns goeie bewys gelewer het van hul liefde vir die vaderlandsbodem.

Nieteenstaande strenge dissipline van die eerste dag af gehandhaaf is, was die taak van die Bevelvoerder, jeugkomdt. Henning, baie vergemaklik deur die band van kameraadskap en gewilligheid. Die seuns het met mekaar gewedywer in die vervulling van hul pligte.

Soms moes die seuns voldoen aan eise wat alles behalwe aangenaam was. Eise waaraan alleen die O.B. se liefde tot diens vir volk en vaderland aan sou kon voldoen sonder om daaroor te kla, en dan met 'n glimlag en 'n gevoel van trots kon rapporteer dat dit wel gedaan is.

,,Dit is vir my 'n besondere voorreg om my hoogste waardering uit te spreek vir die gees van offervaardigheid, gewilligheid en die hegte band van kameraadskap wat die laertrek so 'n sukses gemaak het. Dit is iets wat elke man se hoogste agting afdwing. Ek voel trots op die Boereseuns van Elandskraal,'', aldus komdt. Henning.

Offisiere wat die laer besoek het en die seuns vrugbare stof tot nadenking gelaat het, was hfgenl. Puren, hfkomdte. Laubscher en Smith.

Daar word ook in dankbaarheid gedink aan mnr. en mev. R. van Wyk, veldkte. Venter en Pretorius, korp. Welthagen en mnr. Tienie Pretorius vir hul hulp en bystand.

## VLEISLOSE DAE WORD VERMINDER ?

'n Tweede vleislose dag is in die vooruitsig gestel. Mense wat die afgelope twee maande dikwels sewe vleislose dae per week gehad het, sal net twee vleislose dae per week sekerlik verwelkom — mits dit beteken dat hulle dan darem op die ander vyf dae vleis sal kry.

## VIR O.B.-DAG

Veldkornetskap F4c1 (veldkt. Pretorius), van Pretoria-Stad, het 1 Julie 'n puik funksie in Pretoria gehou. Die opkoms was verrassend goed en na aftrek van die onkoste kon £30 vir O.B.-dag gestort word.—(Ingestuur.)

## STERK NOODHULPFONDS OP VERJAARDAG

Die idee om verjaardagvierings te baat te neem vir die insameling van geld vir die Noodhulpfonds, begin navolging in die Vrystaat te vind. Uit Petrusburg word berig dat veldkte. mev. G. M. Jordaan by geleentheid van haar verjaardag 'n funksie gehou het wat deur middel van vrywillige skenkings die mooi bedraggie van £3-16-6 opgelewer het. Mev. Jordaan is ywerig bygestaan deur asst.-veldkte. S. Greyling en mev. L. Greyling, terwyl komdt. D. Grobler die funksie met 'n kort toespraak geopen het.

**Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:**

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

**HUURGELD IS BLOEDGELD**

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u se, hoe:

**Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk**

Posbus 26 — Foon 62-1115

M A R A I S B U R G

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

**IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?**

Bring dit na ons en sien die resultaat ! !

**ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.**

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.

Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.

VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

*PLUIMVEE*

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.** (Edms.) Beperk

MÔREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**LUCERN en AARTAPPELS**

STUUR U PRODUKTE AAN

**UNIE PRODUKTE AGENTSKAP**

Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN

Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

**U SAL HOU VAN ONS . . .**

- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

**OLIVIER BROS.**

MÔREMARK

NEWTOWN

JOHANNESBURG

STUUR U PRODUKTE AAN U MEDE-AFRIKANER VIR BESTE RESULTATE en ONMIDDELLIKE AFREKENING.

Posbus 5923. Foon 33-5530.

**BETSJOEANALAND ! !**

(VRYBURG)

Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.

PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! ! GELD ! ! !

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,

40(a) du Plessis Geboue, Markstraat.

Posbus: 170 — Telg.: ,,Fairagent.''

V R Y B U R G.

*Pas verskyn!*

**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen

albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan

**Pro Ecclesia-Drukkery** (Edms.) Bpk.

Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.